**Die dans van die Reën**

O die dans van ons Suster !
Eers oor die bergtop loer sy skelm,
 en haar oge is skaam;
  en sy lag saggies.
En van ver af wink sy met die een hand;
haar armbande blink en haar skrale skitter;
 saggies roep sy.
Sy vertel die winde van die dans
en sy nooi hulle uit, want die werf is wyd en die bruiloft groot.

Die grootwild jaag uit die vlakte,
 hulle dam op die bulttop,
wyd rek hulle die neusgate
 en hulle sluk die win;
en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien.
Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,
en hulle kruip nader en sing saggies:
 "Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!"

En haar krale skud,
en haar koperringe blink in die wegraak van die son,
 Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier;
sy trap af van die hoogte;
sy sprei die vaal karos met altwee arms uit;
die asem van die wind raak weg.
O, die dans van ons Suster!

Digter: Eugène N. Marais, 1871-1936
Bron: Versamelde Gedigte. J.L. van Schaik, Pretoria, 1936. In: D.J. Opperman. Groot Verseboek. Tafelberg, Kaapstad, 1951, tweede druk 1986, p. 29.